# TIEN TON KOLJANDER


**Inleiding**: My pa het in 1948 by die Bruwers in Appelsdrift so 3 myl buite Robertson h stuk grond gekoop, wat hy dan in h plaas ontwikkel het. Van tyd tot tyd het hy grond by gekoop. Na h aantal jare was daar h waenhuis, h nuwe dam met besproeiings pompe, 70 duisend wingerdstok, 600 varke en h menigte verskillende vrugtebome op die plaas. Die Boland is h winterreenval gebied en pa was die eerste in die gebied om koljander op groot skaal op sy plaas kweek. Sy eerste oes was uitstekend en hy het sy oes maklik aan h speserye firma in Kaapstad kon verkoop. Koljander was tot dan vir Suid Afrika ń invoer produk, mar die koper was met beide prys en kwaliteit hoogs tevrede, en was gretig om die volgende jaar weer by pa koljander te koop.

Pa se slaghuis op die dorp het baie boere kliënte gehad en die idee van koljander kweek het hy by hulle bevorder. Hy sou die saad gratis aan die boere voorsien met h waarborg dat hy die oes teen h vooruit vasgestelde prys van hulle sou koop. Hy laat bou h aantal pars masjiene by h ingenieurswese, om met oestyd aan die boere uit te huur. Koljander kweek het gou by boere byval gevind en pa was verplig om meer kopers te soek. Dié het hy in groot maat in Durban by Robertson's Spices gevind en dit het hom in h posisie gestel om sy onderneming aan al die koljander kwekers na te kom.

**Die verhaal**:- Ander produkte kopers in Robertson

was gretig om uit te vind aan wie pa sy koljander in Durban verkoop. Sulke inligting was natuurlik beskikbaar vir hom wat vriende by die goedere afdeling in die stasie het. Pa was net so gretig om die inligting privaat te hou. Om die rede maak hy sy spoorweg vragbriewe vir koljander Durban toe direk aan h persoonlike vriend se huis adres in h woonbuurt in Durban uit. Hy bel dan dadelik die bestuurder by Robertson's Spices met die vragbrief nommer, en hulle verteenwoordiger ry Durban se goedere stasie toe om die aflewerings adres te korrigeer. Op h dag vergeet Robertson's om stasie toe te gaan om dinge te reel en die spoorweg se groot afleweringslorrie stop buite my pa se vriend se woonstelblok in die middel van h mooi Durban-se wooonbuurt. Die drywer lui die klokkie en toe die vrou haar voordeur oopmaak sê hy: "Dame, teken asseblief hierdie vragbrief en sê my waar die sakke afgelaai moet word." Verbaas vra sy hom "Maar wat het my man dan nou weer gekoop en hoeveel sakke is daar en hoe groot is hulle, en sal hulle op my balkon pas?" Hy antwoord: "Dis 200 sak koljander van h honderd pond elk, of 10 ton, en asseblief dame ek moet nou begin aflaai!" En die arme vrou sak flou op die drumpel van haar eie voordeur neer! Gelukkig is die drywer h familie man! Hy vind die kombuis, berei gou h glas suikerwater voor en met die bring hy haar weer by dat sy haar man kan bel. Sy bel haar man, hy bel my pa, pa bel sy klant, klant bel vir goedere, goedere bel die drywer, en die drywer draai

om, om by Robertson's die vrag koljander by sy regte bestemming af te laai.
Pa se volgende oproep was aan h blommewinkel om te reel dat hulle daardie dag nog h mooi bos rooi rose aan sy vriend se vrou stuur. Dit help om dinge darem h bietjie reg te stel!
Toe alles nou weer kalm was pronk die vrou met haar rooi rose by haar vriende. "Die rose is van my kêrel!" en dan vra sy hulle met ń glinlag: "Waar sou julle nou 10 ton koljander in ń woonstel bêre?" en sy skater van die lag.




Pa langs sy kar in Robertson vroeg 1940s